# ROEP: GENADE!

## 15-Dae Gebedsgids

**Elizabeth Jordaan**

www.watchandpray.co.za
watchandpray100@gmail.com

Watch & Pray
John 17:17

www.watchandpray.co.za
watchandpray100@gmail.com

**Roep: Genade! Dag 1: Skei lig en duisternis**

**Uit die Bybel**

*Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig. God het gesien die lig is goed en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei (Gen.1:3-4).*

**Oorsig**

Dis nou moeiliker as ooit tevore om te onderskei tussen reg en verkeerd. Amper alles in die wêreld word as "goed" of "vir almal se beswil" voorgestel. Reg en verkeerd is so vermeng dat dit nie onderskei kan word nie. In sommige gevalle word verskillende dinge as een en dieselfde voorgestel, byvoorbeeld menseregte en die Here se doel met die mens. Opstand, massa optrede en stakings word toegelaat, want dit is kwansuis vir 'n goeie doel. Selfs Christene verskil oor sommige van hierdie sake, omdat dit so kompleks is. Ons land is gedurende die afgelope dekades en ook weer onlangs oorval met geskille, stakings, geweld, massa optrede, verwoesting van eiendom en onskuldige mense wat doodgemaak is omdat hulle nie aan die optredes wou deelneem nie. Die rede vir hierdie soort optredes is dikwels omdat sekere mense meer geld kry as ander. Dit het tyd geword dat ons weer tot die Here roep om lig en duisternis van mekaar te skei. Ons moet bid dat daar weer 'n duidelike lyn tussen reg en verkeerd sal wees, sodat selfs ongeredde mense sal weet wat die regte ding is om te doen.

**Berou en Bid**

Vader, ons as kerk bely dat ons baiekeer met die menings van die wêreld saamstem en dit navolg. Ons ken U nie werklik nie, U wat die Een is wat 'n pad maak waar daar nie 'n pad is nie. Ons het nagelaat om die ryke verskeidenheid en die ware karakter van U liefde, geregtigheid en regspraak aan 'n sterwende wêreld bekend te maak (Ef.3:10). Ons vra dat U die lig van U Woord sal laat val op die duisternis om ons. Laat U Lig skyn in die werkplek, die kerk, in ons gesinne en in ons persoonlike lewens, sodat ons kan ophou met vrugtelose praktyke en dooie werke (Ef.5:11). Leer ons om ons lewens volgens U wil in te rig (Jer.32:19). Leer ons om weg te draai van verkeerde dinge en U in waarheid en met 'n onverdeelde hart te volg (Ps.86:11).

**Bely en Verklaar**

Here, ons bid saam met al U heiliges dat U sal kom om te oordeel oor almal, dat U al die sondaars sal straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen U gesê het (Jud.14-15). Laat elke oor gretig wees om die Goeie Nuus van Jesus Christus – die Here van almal – te hoor (Hand.10:36). Openbaar aan elke mens dat Jesus Christus van die begin af bestaan het as die Woord en dat die Woord by God was en dat die Woord God self was. Wys aan elkeen dat alles deur Christus tot stand gekom het en dat nie 'n enkele ding wat bestaan sonder Hom tot stand gekom het nie. Laat dit in die hemel en op

die aarde bekend wees dat Jesus Christus tot vandag toe die lewe is en dat die lewe die lig vir die mense is. Laat die lig van U waarheid oor die donkerte in die wêreld skyn (Joh.1:1-5,14).

## Roep: Genade! Dag 2: Beoordeel ons tekort aan liefde

### Uit die Bybel

*'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees is God in sy Heilige woning (Ps.68:6). Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpeloses en die behoeftiges lewer (Ps.82:3).*

### Oorsig

Vaderloosheid, verwerping, skaamte, vernedering en die misverstaan van genade en meegevoel is in die meeste van ons se lewens teenwoordig, of ons gelowig of ongelowig is. Selfs in hierdie tyd is daar baie mense wat nie toegang het tot die basiese menslike benodigdhede soos water, kos en klere nie. Die emosionele skade as gevolg van verwerping, skande en vernedering kan net deur die liefde van die Here Jesus Christus herstel word. Kom ons roep tot die Here om die skade en gevolge van vaderloosheid, verwerping, skande en vernedering te genees en te herstel in die hart en siel en emosie van elkeen wat in ons lande bly. Laat ons Hom vasgryp om ons gebrokenheid te herstel, sodat die geslagte wat kom, fisiese, emosionele en geestelike aanvaarding, eer en bevestiging in hulle menswees sal ervaar.

### Berou en Bid

Vader, ons bely dat ons die behoeftes van die noodlydendes misgekyk het, wat tot gevolg gehad het dat hulle verwerp gevoel het. Vergewe ons ons sonde! Kyk na ons lewe en verlatenheid, genees ons mense en bring uitkoms vir ons (Jes.57:18). As gevolg van ons sondes is ons in die verleentheid. Bewys aan ons as volk genade, sodat, al is ons nou stukkend en verlate, die vyande wat ons afgebreek het, sal verdwyn (Jes.49:19). Genees ons van ons vaderloosheid, verwyder ons skande en vernedering, gee ons weer die blydskap van iemand wat deur U verlos is en laat ons U met toewyding dien (Ps.51:14).

### Bely en Verklaar

Vader van ons Here Jesus Christus, skenk ons wysheid deur U Gees en openbaar Uself aan ons sodat ons U werklik kan ken. Mag ons geestesoë so verhelder word dat ons kan weet watter hoop U roeping inhou en hoe geweldig groot U krag is wat U uitoefen in ons wat glo (Ef.1:17-19). Laat die mense sonder basiese lewensmiddele U lied hoor en bly wees oor U Verlossing. Laat hulle wat by U hulp soek, moed skep, want U slaan ag op die verdruktes en vergeet nie U mense wat

gevangenes is nie (Ps.69:33-34). Help ons dat ons nie in vrees bly lewe teenoor vir vaderloosheid, verwerping, skande, vernedering en gebrek aan liefde nie. Herstel ons, sodat ons nie langer in die skande sal kom nie. Laat ons deur U genade die skande van ons jeug vergeet en nie langer onthou hoe ons verneder is nie (Jes.54:4).

## Roep: Genade! Dag 3: Wys ons verborge sondes uit

### Uit die Bybel

*U sien ons oortredinge raak, U bring die sondes wat ons wou wegsteek, aan die lig (Ps.90:8).*

### Oorsig

Spore van ongeregtigheid en onreg, korrupsie, misdaad en geweld is vandag in baie terreine van die samelewing sigbaar. Sommige mense voel selfs dat ons land nie meer ’n goeie plek is om in te bly en kinders in groot te maak nie. Sommige mense mag voel dat die Here nie ons gebede beantwoord nie, want dit lyk of alles erger raak. Maar daar is ’n geheim van die koninkryk van God in dit alles versteek. So baie gebede het in die verlede tot die Troon van Genade opgestyg, en nou begin ons eers sien dat die lig van Jesus Christus die duisternis ontbloot. Geheime sondes kom aan die lig en mense word oortuig van sondes waaraan hulle nooit voorheen gedink het nie. Wanneer mense gekonfronteer word met die geregtigheid en regverdigheid van die Here, kry hulle geleentheid om voor Hom en voor mekaar hulle sonde te bely. Laat ons dan met vrymoedigheid voor die Troon van Genade kom. Vra die Here om Sy helder lig in die harte van die leiers in ons land te laat skyn, om hulle ware gesindhede te openbaar. Dit is nou die tyd van belydenis, sodat elkeen van sy/haar sonde sal wegdraai en gered word.

### Berou en Bid

Vader, ons as kerk bely dat ons baiekeer so bang was om aanstoot te gee, dat ons nie openhartig die sonde uitgewys het nie. Vergewe ons asseblief daarvoor en moenie ons voor die Vader in die hemel verwerp nie (Matt.10:32-33). Ons smeek U dat die kerk U grootse wysheid aan elke mag en gesag in die hemelruim bekend sal maak, soos wat U Uself reeds van ewigheid af voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, te doen. Laat ons as Christene, deur ons geloof in Christus, U met vrymoedigheid en vertroue nader vir die redding van hulle wat verlore gaan (Ef.3:10-12). Gee ons die siele van mense as ons erfenis in Christus (Ps.2:8).

### Bely en Verklaar

Here, ons bid dat U elkeen van ons deur U genade sal red van die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is (Ef.2:2). Maak aan elkeen van ons – gelowiges en ongelowiges, inwoners en buitelanders – ons ongeregtighede en sondes bekend, veral dié sondes

wat ons selfs vir onsself wegsteek. Bring al die sondes wat ons wou wegsteek aan die lig (Ps.90:8). Laat die kerk nou, soos Johannes die Doper, die pad vir U voorberei om U wil in die harte van mense te vestig (Mark.1:2-3). Mag U wil geskied en U koninkryk kom, soos in die hemel (Matt.6:10).

## Roep: Genade! Dag 4: Openbaring aangaande reg en verkeerd

### Uit die Bybel

*Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is (Ps.119:130).*

### Oorsig

Die krisis van evangelisasie in ’n post-modernistiese wêreld is dat daar baie gelowiges in die kerk sit wat nie meer die Bybel lees nie. As gevolg hiervan vind mense dit moeilik om te onderskei tussen reg en verkeerd. Wat gister verkeerd was, lyk vandag reg. Amper alles word toegelaat. As iemand standpunt inneem oor iets, word hy/sy daaroor aangeval. Dit lyk asof die waarde van die Bybel as die geskrewe Woord van God vir mense van alle tye, begin vervaag. Party Christene het besluit om maar eerder ’n ander godsdiens te volg, terwyl ander dit moeilik vind om te glo dat die Here hulle regtig liefhet. Baie Christene vertel dat hulle dit moeilik vind om die Bybel te lees en dat hulle opgehou het om dit te doen. Dit is nou die tyd om die Here vas te gryp soos nooit tevore nie (Matt.11:12). Dit is tydperk waarin ons werklik sal moet bid dat die Here Sy doel sal openbaar aan ’n sterwende, korrupte wêreld, wat oordek is met die duisternis van sonde. Dit is ’n tyd om ons in Sy Woord in te grawe soos nooit tevore nie.

### Berou en Bid

Vader, ons as kerk het geword soos die luiaard van ouds. Ons het nie meer geestelike dissipline nie. Ons lees nie meer U Woord soveel soos ons dit altyd gedoen het nie. Geestelike armoede is nou die kenmerk van baie Christene; ons ken nie meer die rykdom in God nie (Rom.11:33-36). Ons bely en vra vergifnis vir ons geestelike luiheid en die verskonings wat ons maak oor hoekom ons nie kan volhard om U wil te doen nie (Heb.10:36). Vergewe ons asseblief omdat ons nie elke dag in gehoorsaamheid aan U lewe nie. Laat berou volgens U wil, wat tot redding lei en nie tot verskonings nie, oor ons kom, en laat dit vir ons ’n saak van erns wees om deursigtig voor U te lewe, meer nog, laat daar verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad by ons wees (2 Kor.7:10-11).

### Bely en Verklaar

Vader, laat ons U begin dien, want dit is kennis en wysheid (Ps.111:10; Spr.1:7). Waarlik, Jesus Christus is dieselfde – gister en vandag en tot in ewigheid (Heb.13:8). Mag U woord in ons harte indring en lig bring aan almal in die wêreld. Soos wat ons

U woorde hardop proklameer, mag dit vir mense oopgaan en lig bring, mag dit insig gee aan dié mense wat nog onervare is (Ps.119:130). Gee dat niemand die openbaring van Christus misloop nie. Laat U stem oor die aarde weerklink soos van ouds, met die uitroep: *"Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie. Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie. Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie." (Hebreërs 2:1; 3:7-8, 12-13).*

**Roep: Genade! Dag 5: Ontbloot leuens, skynheiligheid en vals godsdiens**

**Uit die Bybel**
*Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter! (Jes.5:20).*

**Oorsig**
Geweld en misdaad is meer as net inbraak in huise of die mishandeling van vroue en kinders. Aborsie druis in teen die gawe van lewe wat die Here gee. Onsedelikheid is 'n oortreding teen die heiligheid van die huwelik. Mense se redenasies en filosofieë verdraai egter die waarheid om by die mens aan te pas. God se Woord as die basis van die enigste Waarheid word maklik verontagsaam. Ons moet egter nie toelaat dat ons tydsomstandighede ons mislei nie. Ons leef juis in die tyd waarin ons die Here se plan met ons land, en spesifiek met die verlorenes moet proklameer. Slegs wanneer die mens God se wil en plan verstaan, kan hy/sy tussen reg en verkeerd onderskei.

**Berou en Bid**
Ons hemelse Vader, as kerk verklaar ons dat ons U wil en plan sien en verstaan, maar tog is ons verblind deur die wêreld waarin ons leef. U het gesê: *"As julle blind was sou julle nie skuldig gewees het nie! Maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig"* (Joh.9:41). Ons is niks beter as die Fariseërs nie! Teen U en U alleen het ons gesondig (Ps.51:6). Ons bely ons blindheid, ons hardheid van hart, ons koppige denke en ons onwilligheid om toe te gee aan die waarheid dat Jesus Christus die verlorenes soek en red (Luk.19:10). Ons beroep ons op U Naam en ons verootmoedig onsself! Gee ons genade om weg te draai van die sonde in ons lewe. Wees ons genadig, vergewe ons sonde en genees ons land en mense van leuens, verkeerde geloof beskouings en motiewe, skynheiligheid en 'n onwilligheid om ons te onderwerp aan U (2 Kron.7:14). *Skep in ons 'n rein hart, o God, vernuwe ons gees en maak ons standvastig. Moet ons tog nie van U af wegdryf of U Heilige Gees van*

*ons af wegneem nie* (Ps.51:12-13).

**Bely en Verklaar**
Here Jesus Christus, ons bid dat U Uself sal openbaar as die enigste weg, waarheid en lewe aan elke mens. Laat ons verstaan dat niemand na die Vader kan kom nie, behalwe deur U (Joh.14:6-7). Mag mense hulleself volledig oorgee aan U. Laat geweld in ons land verdwyn, ook misdaad en verwoesting. Laat ons ons mure "redding" noem en ons poorte "lof." Mag almal U ken as hulle ewige Lig en in U roem. Mag ons dae van smart verby wees en mag al ons mense regverdig wees en die land vir altyd besit. Laat die kleinste onder ons soos duisende word, die swakste 'n sterk nasie. Doen al hierdie dinge op die bestemde tyd, Here ons God (Jes.60:18-22).

## Roep: Genade! Dag 6: Versorging van armes en behoeftiges om misdaad te bekamp

**Uit die Bybel**
*As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer bedreig en vals beskuldig word nie, as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag (Jes.58:9-10).*

**Oorsig**
Die meeste misdadigers het 'n gebrek aan kos en klere, en begin om daardie rede te steel, soms van 'n baie jong ouderdom af. As hulle eers gesteel het sonder om gevang te word, dan lyk dit onnodig om te gaan werk soek om geld te verdien. Hulle sal eerder nog meer steel, meer gewelddadig word en ander by hulle planne en bendes betrek. Die meeste misdadigers lewe in 'n wêreld wat vir die gewone mens onbekend is. Dis 'n wêreld sonder hoop, met fatalisme en manipulasie. Dwelms speel gewoonlik 'n groot rol. Hierdie dinge maak dit amper onmoontlik vir hulle om te ontsnap van hulle omstandighede. Daarom is dit nou die tyd om die Here aan te roep om hierdie mense vry te maak. Wanneer bendeleiers of oproeriges die Here leer ken, sal hulle getuienis baie ander mense motiveer om hulle voorbeeld na te volg. As Christene meer onselfsugtig en opofferend betrokke raak by hulpverlening aan die armes en behoeftiges, sal hulle waarlik deur die Here beloon word (Spr.19:17).

**Berou en Bid**
Ons Vader, ons as Christene bely ons gebrek aan empatie met die armes en behoeftiges. Ons is soms betrokke by projekte, maar ons persoonlike lewe getuig nie altyd van medelye in ons optrede teenoor hierdie mense nie. Vergewe asseblief ons selfsug. Gee ons onverdeelde harte en 'n nuwe gees. Verwyder ons harte van klip en

gee ons harte van vleis (Eseg.11:19). Skenk U genade aan almal wat vasgevang is in misdaad en geweld. Maak hulle oë oop, sodat hulle Jesus Christus sal sien as die weg, die waarheid en die lewe (Joh.14:6). Raak hulle lewens aan deur die wysheid en liefde van gelowiges. Leer hulle om U gebooie te onderhou en U wette te gehoorsaam. Laat elke mens met bose bedoelings tot redding kom en U waarlik as hulle God leer ken (Eseg.11:19).

**Bely en Verklaar**
Vader van ons Here Jesus, leer ons om reg en geregtigheid net so lief te hê soos wat U dit het. Vul ons land wees met U troue liefde (Ps.33:5). Laat geregtigheid en reg gevestig word as die fondament van U troon in ons land. Laat liefde en getrouheid U vooruit gaan om 'n pad te maak vir waarheid en lig in die verharde harte van mense (Ps.89:14-15). Bewys U barmhartigheid en genade, geregtigheid en reg aan almal wat verdruk word en maak hulle vry (Ps.103:6). Mag al die deure in ons land wat vir die evangelie gesluit is, oopgaan. Kom in ons land in as ons Koning, die Here die Almagtige. Bewys Uself as oorwinnaar in elke stryd en oorwin die duisternis in ons land (Ps.24:8-9).

## Roep: Genade! Dag 7: Christene moet volgens God se standaarde lewe

**Uit die Bybel**
*Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie, onder die mense kry jy nie 'n opregte nie, almal stel strikke om moord te pleeg, hulle maak met vangnette jag op hulle broers. Al wat die regeerder vra is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat net oor wat hy begeer, hulle verdraai alles…Die dag van jou straf kom, wees op die uitkyk daarvoor! Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag op die God wat my red. My God sal my gebed verhoor (Miga 7:2-4, 7). Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik (Matt.5:16).*

**Oorsig**
Dit lyk asof daar min opregtheid, eerlikheid en integriteit onder die leiers in ons regering en in die kerk is. Dit laat 'n mens wonder hoeveel leiers getrou en sonder blaam bevind sal word as die Here hulle toets. Ons oordeel mense maklik op grond van hulle woorde en optrede, maar dit het nou tyd geword dat na ons eie lewens moet begin kyk – selfs ons bidders en voorbidders. Leef ons opreg voor die Here en voor mense, of is daar geheime sondes in ons lewens, wat ons net vir onsself probeer hou? Watter woorde sal die Here vandag oor jou lewe skryf as jy hieroor uitgevra word?

**Berou en Bid**
Ons Vader in die hemel, ons bely dat ons lewens baie min voortreflikheid,

beskeidenheid en goeie werke vertoon. Ons bely dat ons daarvan hou om ander mense te veroordeel. Vergewe ons dat ons blind is vir ons eie sonde, ongeregtighede en swakhede. Gee vir ons droefheid wat bekering bring en tot redding lei (2 Kor.7:10). Stort U barmhartigheid in ons harte uit dat ons saam met Christus, wat aan U regterhand sit, vir ander mense sal intree (Heb.10:12-13). Ons bid vandag vir U genade vir elke gelowige, dat ons ons rug sal draai op ons aardse natuur – onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodery is. Vroeër het ons aan hierdie dinge meegedoen, maar nou wil ons daarvan ontslae raak (Kol.3:5-7).

**Bely en Verklaar**
Ons Vader, help ons as Christene om weer ware getuies te word wat eer aan U in die hemel sal bring. Gee dat ons opregte liefde aan mekaar sal bewys, wat ’n getuienis van Jesus se liefde is. Neem weg ons swakheid en huiwering om na U toe te kom in intersessie en volhardende gebed. Laat ons deur U genade toeneem in ywer en diens aan U. Laat ons vol vreugde wees in ons hoop, geduldig in beproewing en getrou in gebed. Laat ons as Christene anders wees as die ongelowiges, deur in vrede met mekaar saam te lewe, nie hoogmoedig nie, maar gewillig om mekaar in nederigheid te bedien. Gee dat ons nie kwaad met kwaad sal vergeld nie, maar dat ons die kwaad met die goeie sal oorwin (Rom.12:9-21).

## Roep: Genade! Dag 8: Leiers in besigheid, vakbonde, kerk, ens.

**Uit die Bybel**
*Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie! (Matt.6:22-23).*

**Oorsig**
Die manier waarop ons na onsself en die toestand van ons land kyk, word grootliks bepaal deur ons leiers in die regering, politieke partye, die ekonomie, ens. Oor die afgelope 2 jaar het ons egter gesien hoe vele leiers op een of ander manier betrokke was by korrupsie, omkopery, onsedelikheid, gierigheid, ens. Wanneer mense sulke aanklagte teen hulle kry, het hulle ’n wonderlike geleentheid om hulleself voor die Here te verootmoedig, hulle sonde te bely en weg te draai daarvan. Dit is nou die tyd om vir ons leiers op elke vlak van die samelewing te bid. Wanneer hulle hulle lewens aan Christus oorgee, vergroot dit die koninkryk van die hemel en die blydskap in die hemel. Mense wat vasgevang is in duisternis van hulle sonde, sal dan die lig van Christus op ’n nuwe manier en miskien vir die eerste keer sien.

**Berou en Bid**
O Vader, ons is so gewoond daaraan om ons probleme in gebed voor U te bring, dat

ons perspektief op Jesus se oorwinning verloor het. Ons beveg en weerstaan die uitwerking van die Bose in ons lewe, maar ons vergeet om die wortel van die probleem aan te spreek. Vergewe ons dat ons net die duisternis aanspreek en vergeet watter groot waarde dit het om U Woord, die waarheid en die heerskappy van Christus oor die duisternis, te proklameer. Ons weet dat ons nie op die duiwel moet fokus nie, maar tog neem ons baie tyd in gebed om vir sy ondergang te bid. Openbaar U heerlikheid en U waarheid en maak ons oë oop om op ’n nuwe manier na U te kyk. Wees ons genadig en vervul ons met U volheid (Kol.2:9-10). Laat ons nie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar laat ons dit eerder aan die kaak stel (Ef.5:11).

**Bely en Verklaar**
Vader, ons bid dat gelowige leiers op elke terrein van die samelewing sal besef dat niks hulle kan skei van Christus nie – geen lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard nie. Ons bid dat hulle sal verstaan dat hulle in alles meer as oorwinnaars is deur Christus Jesus wat hulle liefhet. Laat niks ons leiers keer in hulle soeke na U en U liefde vir hulle nie – nie dood of lewe, engele of bose magte, die teenswoordige of die toekomstige dinge nie, of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping nie. Laat nie een van hierdie aanslae hulle ooit skei van die liefde van Christus Jesus ons Here nie (Rom.8:35-39).

## Roep: Genade! Dag 9: Mense wat misdaad, geweld, bende bedrywighede en korrupsie bedryf

**Uit die Bybel**
*…om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede* (Luk.1:79).

**Oorsig**
Mense breek in en steel, hulle verkrag seuns en dogters, hulle moor, kaap, vernietig en brand af, hulle word ryk van dwelms, hulle veg vir rang en posisie, hulle manipuleer om hulle sin te kry, hulle bedreig ander om self te oorleef, hulle harte het so hard geword dat hulle nie meer vir enigiets of enigiemand omgee of lief is nie. Hulle is heeltemal vasgevang in die spiraal van vernietiging wat in hulle lewens werksaam is. Hulle wêreld is grotendeels onbekend aan die meeste mense. Hulle kan in Christus vrymaking kry uit hierdie omstandighede, maar daar is nie vir hierdie soort mense ’n maklike uitweg nie. Tog ís daar ’n uitweg! As hulle die werklike lig van Christus in Christene sal sien, mag dit hulle hulle aanmoedig om Hom te kies. Dit is nou die tyd om die Here aan te roep vir hierdie verlore mense in ons land. Dit is tyd om Sy beloftes vas te gryp vir die mense wat in duisternis vasgevang is. Dit is tyd om barmhartigheid aan hulle te bewys soos wat die Here aan ons barmhartigheid bewys het.

**Berou en Bid**
Vader, ons het al soveel keer oor misdaad, geweld, korrupsie, ens. gebid, maar ons besef nou dat ons in die eerste plek vir die siele van hierdie mense moet bid sodat hulle U Woord sal leer ken (Heb.4:12). Vergewe ons dat ons net ons eie voordeel soek en daarvoor bid (Jak.4:3). Vergewe ons as U kerk dat ons nie genoeg evangelisasie doen nie (Hand.28:31). Ons vertel vir die ongelowiges op 'n liefdelose manier dat hulle hel toe sal gaan as hulle nie tot bekering kom nie. Ons het mense weggejaag van U omdat af met hierdie soort optrede (2 Pet.2:12). Vader, vergewe ons dat ons nie die liefde van Christus op so 'n manier aan ongelowiges bewys dat hulle na U toe kom nie. Dit is wanneer ons mekaar liefhet dat hulle sal weet dat ons U volgelinge is (Joh.13:34-35).

**Bely en Verklaar**
Vader, ons vra dat die volheid van U liefde die harte en gedagtes van elke ongelowige in ons land sal vul. Verwyder die swaarmoedigheid uit hulle harte en gee hulle vreugde. Laat die woestyn in elke hart met vreugde blom en mag elkeen wat nog in duisternis is U grootsheid aanskou. Versterk deur U liefde en krag die slap hande en maak die swak knieë sterk. Sê vir hulle wat moed verloor het: *" Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier. Hy kom om wraak te neem, julle vyande te straf. God kom julle red!"* Vir hulle wat in die donker sit, bid ons dat U hulle blinde oë en dowe ore sal oopmaak. Laat die lammes loop en die stommes van vreugde uitroep. Laat die geestelike water van lewe in hulle woestyn uitborrel en strome van lewende water in die droë wêreld van hulle siele vloei (Jes.35:1-7).

## Roep: Genade! Dag 10: Maak gevangenes vry om God lief te hê

**Uit die Bybel**
*Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie. En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg* (Joh.3:18-19).

**Oorsig**
Bendebedrywighede het 'n groot invloed dwarsoor ons land. Bendes is in sekere strate of geografiese gebiede bedrywig. Die sterkste bende in die omgewing bepaal wat daar gebeur. Ander bendes is in tronke bedrywig. Sommige van hierdie bendes is binne sowel as buite tronke bedrywig. Dit beteken dat die lede wat buite die tronk is meestal deur die lede binne-in die tronk beheer word. Die redes waarom jongmense by bendes betrokke raak, is vaderloosheid, verwerping, gebrek aan liefde, en 'n begeerte om aanvaar te word. Bendes heers meestal deur middel van

vrees, manipulasie, geld en dwelms. As baie van die bendeleiers op dieselfde tyd by die Here sou uitkom, sal dit ’n geweldige invloed op bende bedrywighede hê. Dit sal ook die lewens van baie jongmense, wat gewoonlik op ’n vroeë ouderdom by bendes betrokke raak, beïnvloed. Die bekering van bendelede sal ’n betekenisvolle verandering in die geskiedenis van ons land inhou. Dit is nou die tyd om die Here vas te gryp om die lewens van hulle wat by bendes betrokke is aan te raak en om Hom te vertrou vir buitengewone wonderwerke en ’n openbaring van Sy kragtige liefde. Laat ons met groot vrymoedigheid voor die troon van die Here kom, met ons oë op Jesus Christus.

**Berou en Bid**
Ons hemelse Vader, ons bely dat ons al begin glo het dat die geweld en misdaad in ons land nooit sal afneem nie. Ons vra om vergifnis daarvoor dat ons nie op U vertrou nie, want wat vir die mens onmoontlik is, is vir U moontlik (Luk.18:27). Ons vra U dat manne en vroue van geloof na vore sal kom om met groot vrymoedigheid en gesag U liefde, genade en bevryding aan bendelede en leiers te bedien, sodat hulle U as leier van hulle lewens sal kies (Mark.3:14-15). Ons bid dat baie voorbidders oor die volgende jaar vir bendes sal begin bid.

**Bely en Verklaar**
Vader, saam met U Woord bely ons: Jesus Christus is U Seun. Op grond van die belofte uit U Woord vra ons dat U vir ons volke sal gee as eiendom, die hele aarde as ons besitting (Ps.2:7-8). Laat die Bose sy greep op die lewens van bendelede en -leiers verloor. Mag die lewens van al die bendes soos die skoonheid van die velde wees en hulle boosheid in vlamme opgaan (Ps.37:20). Laat elkeen van hulle hierdie waarheid ontdek: U het die wêreld so liefgehad dat U U enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal kry (Joh.3:16). Jesus Christus, gee deur U genade die ewige lewe aan elke bendelid in ons land, sodat nie een verlore sal gaan nie. Laat niemand hulle uit U hand ruk nie (Joh.10:28-29).

## Roep: Genade! Dag 11: Reg en geregtigheid is die grondslag van Sy troon

**Uit die Bybel**
*Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is (Joh.3:21).*

**Oorsig**
As ons na TV programme en sosiale media kyk, koerant artikels lees en radioprogramme luister, kom ons agter dat mense hulle identiteit, hulle menings en selfs hulle roeping op sekere fondamente bou, soos byvoorbeeld op ’n sekere godsdiens of selfs ’n spesifieke beroep. Die vraag is egter of daardie persoon besig is

om sy/haar lewe op die fondament van die Here Jesus en Sy Woord te bou. Die mense wat misdaad, korrupsie, geweld, ens. bedryf, doen dit beslis nie. Dit is nou die tyd om tot God te roep om elke fondament wat verskil van die fondament van Sy troon uit ons land te verwyder. Dit is die tyd om tot die Here te roep dat reg en geregtigheid in elke faset van ons lewe – hart, siel en emosie – gevestig sal word, dat Sy koninkryk so naby sal kom dat gelowiges sowel as ongelowiges sal kan onderskei tussen reg en verkeerd.

**Berou en Bid**
Vader, ons bely dat ons hande slap en ons knieë lam geword het (Heb.12:12). U het vir ons alles deur U Seun, Jesus Christus, geskenk en tog is ons begeerte so klein om na U koninkryk te soek (Matt.11:12). Ons het berou oor die gebrek aan reg en geregtigheid in ons lewens. Vergewe ons asseblief! Ons verstaan nie werklik hoe U koninkryk werk nie. Leer ons ware wysheid, geregtigheid en reg. Verwyder alle ongeregtigheid en onreg uit ons harte. Gee U wette in ons verstand en skryf dit op ons harte (Heb.8:10) en maak dit bekend aan die heersers, die owerhede, die bose magte van hierdie sondige wêreld en die bose geeste in die lug (Ef.6:12).

**Bely en Verklaar**
Hemelse Vader, help ons as gelowiges om aan U wil en plan vir die wêreld en vir ons eie lewens vas te gryp. Van die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself ’n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit (Matt.11:12). Leer alle gelowiges om te verstaan dat die koninkryk nie net ’n saak van praatjies is nie maar van krag (1 Kor.4:20). Die koninkryk is ook nie ’n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan U, van vrede en vreugde wat die Heilige Gees ons gee (Rom.14:17). Vestig in hierdie tyd U troon in die hemel en laat U heerskappy oor ons land kom (Ps.103:19). Laat elkeen U woorde hoor: “*Voor My sal elke knie buig en in My Naam sal elke tong ’n eed aflê. Hulle sal bely dat Ek die enigste Bron van hulle redding en krag is*” (Jes.45:23-24).

## Roep: Genade! Dag 12: Kennis van die geheimenis van Christus vir ons land se verlorenes

**Uit die Bybel**
*Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God* (Hand.26:18).

**Oorsig**
Jesus se laaste opdrag voor Sy hemelvaart is vir ons as Sy volgelinge vandag nog net so relevant as wat dit was op die dag toe Hy dit vir Sy dissipels gegee het. Ongeag van hoe swak, arm of ryk ons is, bly hierdie opdrag ons taak vir die res van ons

lewens. Ons móét dissipels gaan maak van alle mense. Ons het die verantwoordelikheid om hulle alles te leer wat Christus ons beveel het en te vertel van Sy belofte dat Hy altyd by ons sal wees totdat Hy weer kom (Matt.28:18-20). Daar bly vandag mense uit baie verskillende lande in ons stede, ongeag of hulle vlugtelinge, onwettige immigrante of studente is. Ons het letterlik die nasies op ons voorstoep. Hulle is in ons parkeerruimtes, in ons inkopiesentra, en hulle bly in dieselfde strate as ons. Dit is nou die tyd om met hierdie mense vriende te maak, om hulle vir die koninkryk te wen. Dit is nou die tyd om die Blye Boodskap van Christus te verkondig aan hulle wat Hom nie ken nie. Ons kan ’n impak hê op Sjina deur met ’n Sjinese buurman vriende te maak. Nog nooit tevore was daar soveel geleenthede onder ons neuse, om die koninkryk van die Here uit te dra nie.

**Berou en Bid**

O Vader, ons bely dat ons huiwerig is om van ons liefde vir U te getuig. Ons bely as U kerk, dat ons nie ons lidmate leer hoe om die Goeie Nuus van Christus aan die mense wat in ons land is, te bring nie. Laat ons nie in ons toewyding verslap nie, maar altyd geesdriftig bly en U dien (Rom.12:11). Bewerk deur U Gees, in die harte van alle gelowiges, ’n begeerte om in liefde te lewe en om ons geestelike gawes uit te lewe, veral die gawe om U boodskap te verkondig (1 Kor.14:1). Laat ons die verlossing wat daar in Christus Jesus is, sonder ophou en met groot vrymoedigheid, aan elke volk en taal en nasie verkondig (Op.5:9).

**Bely en Verklaar**

Vader, daar is nie nog ’n God soos U nie. U vergewe sonde. U bly nie vir altyd kwaad nie, maar betoon liefde en genade (Mig.7:18). Betoon genade aan al die ongelowiges wat in ons land bly, soos wat U aan Israel genade betoon het. Moet hulle tog nie heeltemal uitwis en hulle verlaat nie, want U is ’n genadige en barmhartige God. Laat die mense wat nie U barmhartigheid ken nie, dit nou ontvang, sodat hulle U sal verheerlik (Neh.9:31; 1 Pet.2:10; Rom.15:9). U het Jesus na die wêreld gestuur om sondaars te verlos. Betoon nou U genade aan elkeen wat in ons land bly wat gebind is deur demoniese magte en onkundig is oor die groot verlossing wat U vir hulle in Jesus beskikbaar het. Laat U dade ook in ons tyd ervaar word. Ontferm U selfs in U toorn oor hulle (Hab.3:2; 1 Tim.1:16).

## Roep: Genade! Dag 13: God se engel berei die weg voor

**Uit die Bybel**

*Ek, die Here, stuur ’n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm...moet jou nie teen hom verset nie. Hy sal jou nie vergewe as jy teen hom in opstand kom nie, want Ek het aan hom my volmag gegee. As jy goed ag gee op hom en alles doen wat Ek sê, sal Ek die vyand van jou vyande wees en die teëstander van jou teëstanders. Ek sal my skrik voor jou uitstuur en elke nasie wat jy teenkom uitwis. Ek sal al jou vyande*

*laat vlug, maar Ek sal hulle nie dadelik voor jou uitdryf nie, sodat die land nie leeglê en die wilde diere te veel word nie. Ek sal hulle bietjie vir bietjie voor jou uit verdryf totdat jou mense genoeg is om die land in besit te neem (Eks.23:20-30).*

**Oorsig**
Die bose magte kom vandag na ons toe in die vorm van aborsies, dwelm misbruik, geweld, misdaad, moord, ens. Ons moet die Here werklik vasgryp om hierdie dinge uit ons land te verwyder. Bid dat dwelmhandel en georganiseerde misdaad ontbloot en gestop sal word. Met die vaste wete dat Christus by ons is, laat ons Hom nou vasgryp om al die ander vyande van Sy koninkryk ook uit ons land te verdryf. Dit is nie ’n tyd om te rus of om te wag nie. Dit is ’n tyd om te volhard in gebed totdat deurbrake kom en dan sal ons moet volhard totdat die volgende deurbraak kom, en dan die volgende, en so aan. Dit is tyd om sonder ophou te bid vir solank as wat ons op aarde leef.

**Berou en Bid**
Here, ons wil U loof, want aan U liefde is daar geen einde nie (Ps.118). Vergewe ons as gelowiges en as U kerk dat ons mismoedig geraak het oor die toestande in ons land (Spr.13:12). Ons bely ons ongeloof. Buig U hemele neer Here, en daal neer. Laat die weerligstrale blits en jaag die vyande van U koninkryk in ons land uitmekaar (Ps.144:5-6). Kom doen iets nuuts in ons land. Laat dit nou begin. Maak in die woestyn ’n pad en laat daar in die droë wêreld riviere ontspring (Jes.43:19).

**Bely en Verklaar**
Vader, ons vra saam met al die gelowiges in ons land dat U sal kom om oor almal te oordeel (Jud.14-15). Laat al U vyande van U groot roem hoor, en vervul hulle met ontsag vir dit wat U gedoen het. Laat U dade in hierdie tyd aan al die vyande van U koninkryk in ons land bekend word, maar ontferm U oor U mense in U toorn (Hab.3:2). Stuur U skrik vooruit en bring elke vyand wat U teenstaan in verwarring. Laat al ons vyande op die vlug slaan (Eks.23:27).

## Roep: Genade! Dag 14: Versoening

**Uit die Bybel**
*Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Waar broers so saam woon skenk die Here sy seën (Ps.133:1,3).*

**Oorsig**
Sommige kenmerke van die Christelike gemeenskap is verdeeldheid, onmin, wantroue en onenigheid. Baie meer kan by die lys gevoeg word. Die Here Jesus het gesê: *“As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle My dissipels is”* (Joh.13:35). Daar is die afgelope paar jaar pragtige getuienisse van versoening tussen

gemeentes, en leiers van verskillende kerke en kultuurgroepe. Tog is baie liefde en begrip vir mekaar steeds nodig om die verhoudinge tussen hierdie mense heeltemal te genees. Laat ons die Here aanroep om eenheid te bring in Sy liggaam – veral tussen kerkleiers. Dit is tyd om in gebed te volhard vir broers en susters, ouers en kinders, gesinne en vriende, en huweliksmaats om terug te draai na mekaar en om mekaar in liefde te omhels, ongeag van hoe groot die kloof was, of hoe groot die sonde is wat die twee persone uit mekaar gedryf het. Dit is tyd om in gebed te volhard vir eenheid in die hele liggaam van Christus. Dit is tyd om ou verskille te verwyder ter wille van die koninkryk van God.

**Berou en Bid**
Vader, ons bely dat ons hardkoppig is en nie ons mede-gelowiges wil vergewe soos U van ons verwag nie (Matt.6:14-15). Daar is niemand soos U wat die swakkes teen die sterkes verdedig nie. Help ons, want ons steun op U. U is ons God, moenie dat ’n mens teen U seëvier nie (2 Kron.14:11). Verwyder alle struikelblokke en maak ons, U liggaam, een soos wat U en U Seun een is (Joh.17:20-26). Moenie dat enige grief, fout of ou geskil steeds oor verhoudinge in U liggaam seëvier nie.

**Bely en Verklaar**
Ons Vader, ons bid die gebed van U Seun oor die liggaam van Christus in ons land. Ons bid vir almal wat tot geloof sal kom deur die verkondiging van U evangelie, en vir elke godsdienstige leier, dat hulle almal een sal wees, net soos U in die Seun is en die Seun in U is. Mag hulle ook in U wees, Here Jesus, sodat die wêreld sal glo dat die Vader die Seun gestuur het. Regverdige Vader, al ken die wêreld U nie, weet ons as gelowiges dat U die Seun gestuur het. Openbaar Uself opnuut aan hierdie geslag gelowiges deur U Seun (Joh.17:20-26). Ons wil graag beleef hoe goed en mooi dit is as broers eensgesind saam bly. Kom en seën U kerk (Ps.133:1,3).

## Roep: Genade! Dag 15: Genesing

**Uit die Bybel**
*"As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak." (Exodus 15:26)*

**Oorsig**
Die een groot ding waarmee mense dwarsoor die wêreld worstel is siekte en dood. Vrees vir die dood oorheers ons. Tog is die dood een van die sekerste dinge wat met elke mens gaan gebeur. Farmaseutiese maatskappy bemark medisyne van enige aard om mense gesond te hou en gesond te probeer maak. Baanbrekerswerk het gemaak dat sekere siektes soos melaatsheid, polio en masels onder beheer gehou

word. Moderne siektes soos HIV/VIGS word beveg met antiretrovirale middels. Onlangs het die COVID19 virus wêreldwyd groot ontwrigting en vrees veroorsaak. Almal hoop en bid dat daar 'n kuur hiervoor gevind sal word. Tog sterf miljoene ongebore babas aan aborsie, miljoene ander mense sterf aan hongersnood, alles voorkombaar. Ons Skepper-God openbaar Homself as die God wat genees. Hy het in die Ou Testament bewys dat Hy siektes kan veroorsaak en genees. In die Nuwe Testament het Hy deur Jesus Christus gedemonstreer dat elke siekte genees kan word, en dat Hy graag wil hê dat siekes genees moet word. In Handelinge stort Hy Sy Gees uit met die gawe van gesondmaking. Die dissipels beoefen die gawe en mense word genees. Die Kerk vandag het 'n groot begeerte dat die gawe van genesing weer deur ons sal werk. Tog is die voorwaarde steeds daar: *"As jy getrou na die stem van God luister en doen wat reg is, dan sal Ek jou gesond maak."*

**Berou en Bid**

Vader ons bely dat ons self die grootste oorsaak is dat U nie mense genees nie. Ons het in totale ongeloof verval oor wie U is, en waartoe U in staat is. Ons harte word nie bewaar deur geregtigheid nie, en ons laat enigiets in ons gedagtes toe, Ons lê nie hande op siekes en bid soos U beveel het nie (Eseg.34:4; Luk.9:2, 10:9; Jak.5:14). Ons besoek ook nie siekes en gevangenes nie, en versorg nie weduwees en wese nie. Ons dink dat ons as mense beter weet as God en wil heeltyd op U plan vir ons verbeter deur ons eie uitvindsels en planne vir oorlewing. Ons is skuldig Vader. Vergewe ons, en kom ons ongeloof te hulp. Verlos ons van die vrees vir die dood, en gebruik ons om in die naam van Jesus mense gesond te maak, deur die genadegawe van gesondmaking wat ons van U Heilige Gees ontvang.

**Bely en Verklaar**

Vader ons bely ons geloof in U as ons God en Skepper. U skep die menslike DNA volgens U goddelike raadsplan. U ken ons liggame. U is ons Geneser. Here Jesus Christus U is ons Verlosser. Die Evangelie van Jesus Christus ís die krag van God tot redding. U is deur God die Vader gesalf om siekes te genees en mense van die bose te bevry (Luk.4:18). Deur U wonde het daar vir ons genesing gekom. U sterwe en opstanding het die vloek van die dood gebreek (Heb.2:15). U verhoging aan God se regterhand verseker ook aan ons oorwinning oor die dood en gee aan ons die ewige lewe. Heilige Gees, U is God. Neem besit van ons en verheerlik Christus in ons. Drie-Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aan U kom toe die lof, en die eer, en die heerlikheid, tot in alle ewigheid.